GEDAGTE VIR DIE DAG

"Elke oomblik is 'n nuwe begin"

NUUSBRIEF 08 **07 APRIL 2022**

MIDSTREAM RIDGE LAERSKOOL / PRIMARY SCHOOL

Geagte Ouers

UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Juansen Dizon skryf: *"Ek hoop jy besef dat elke dag 'n nuwe begin is. Dat elke sonsopkoms 'n nuwe hoofstuk in jou lewe is wat wag om geskryf te word"*.
Baie welkom terug by 'n splinternuwe kwartaal, sonder maskers in die buitelug. Mag elkeen heerlik aan nuwe hoofstukke skryf. Baie welkom aan elke nuwe leerder! 'n Hartlike welkom aan juffrou Tanique Kidd wat by die Engelse Departement aansluit.

INLIGTING

OUERMIDDAG

Die Intersenfase Ouermiddag vind op Maandag, 11 April 2022, 14:00-18:00, plaas. U kan tot middernag op 10 April 2022, afsprake op die *Ed-Admin Ouerportaal* maak.

STUDIEKURSUS GRAAD 4

Op Saterdag, 9 April 2022 om 08:00, bied *Midstream Ridge Laerskool* 'n **Inleidende Studiekursus**, hoofsaaklik vir graad 4-leerders en hul ouers, aan. Nuwe leerders of leerders in ander grade wat die kursus nie voorheen kon bywoon nie, is ook welkom. Die koste van die kursus is R130. Alle graad 4-leerders het 'n inskrywingsvorm in die registerklas ontvang. Die registrasievorms moet asseblief teen Vrydag, 8 April 2022, ingehandig word. **Graad 4 Studiekursus**

RIDGE SNOEPIE PAASETES

Klik asseblief op die skakel om vir u kind op Donderdag, 13 April 2022, 'n heerlike kospakkie by die Snoepie te bestel. **RIDGE Paasetes**

PAASETE 2022

Ons Paasete vind op Donderdag, 14 April 2022, plaas. Klik asseblief op die skakel vir meer inligting. **PAASETE 2022**

RAKKER VERJAAR!

Klik asseblief op die skakel vir meer inligting rakende Rakker se verjaarsdagfeesvieringe: **RAKKER**

THE ABBA SHOW - A CINDERELLA STORY

Klik asseblief op die skakel vir inligting rakende die internasionale balletskouspel wat op 30 Mei 2022, in die skoolsaal, plaasvind. **The ABBA Show - A Cinderella Story**

AANSOEKE VIR GRAAD 1 – 2023

Ouers word versoek om asseblief graad 1-aansoeke vir 2023 voor die einde van April 2022, in te dien. Neem kennis dat die skool na 'n aanlyn-aansoeksisteem oorgeskakel het. Geen aansoeke word per e-pos of as harde kopie aanvaar nie. Klik asseblief op die onderstaande skakel om u aansoeke elektronies te voltooi: https://midstreamridgeprimary.co.za/admissions/. Vir enige navrae, kontak asseblief vir Corrie Burger by corrieb@midstreamridgeprimary.co.za of telefonies by 012 940 9122.

GRAAD 8-INSKRYWINGS 2023

Graad 8-inskrywings vir 2023 sluit Vrydag, 29 April 2022. Indien u kind by *Midstream College* gaan inskryf, moet u asseblief aanlyn aansoek doen. Besoek asseblief die **Midstream College Webblad** vir die nodige instruksies en die aanlyn toelatingsvorm – ***Toelating***.
Vir enige toelatings-navrae, kontak me Carine Cronje per e-pos by carinec@midstreamcollege.co.za.

RUITERKUNS-NUUS

Ons perdry-span het die afgelope naweek aan die *Kernliga Kwalifiserende Geleentheid* by *Kyalami Equestrian Par*k deelgeneem. Baie geluk aan die volgende leerders met hul uitstekende prestasies!

Chloe Slade *P2SJ05PR show jumping: 4th*	**Caitlin Spies** *P2SJ05HR show jumping: 1st*
Mila Kosa *P1SJ03HR show jumping: 2nd* *P1SJ04HR show jumping: 2nd*	**Alice Spikett** *P1PC01B Prix Caprilli: 3rd* *P2SJ06PR show jumping: 3rd* *P2SJ05PR show jumping: 6th*
Zara Pappalardo *P3PC01A Prix Caprilli: 1st* *P3PC01B Prix Caprilli: 1st* *P6EQ06PR Intermediate Equitation: 1st* *5SJ12PR show jumping: 4th*	**Rylee Clarke** *P1EQ03PR Equitation: 1st* *P1SJ03PR show jumping: 1st* *P1SJ04PR show jumping: 4th* *P1PC01B Prix Caprilli: 4th*
Bailey Polome *P1EQ03PR EQUITATION SANESA RIDER SPECIAL* *High and Prep 50-60cm (PONY Class)*	**Bailey Polome** *Class P1SJ04PR JUMPING 50cm COMPETITION (PONY)* *Mango: 2nd* *Handy Hunter: 1st Mango Ice team*

Midstream Ridge-groete

VERNON HARMSE
SKOOLHOOF